

“Die labirint van my geskiedenis”: J.M. Coetzee se voorgeslagte, wortels en die herkoms van sy skryftalent

J.C. Kannemeyer

*Based on a scrutiny of original documents and the genealogy of the Coetzee family in South Africa, this article points out the many errors concerning the life of J.M. Coetzee which were handed down from the internet to articles on his work. The genealogy of Coetzee is traced back to Dutch, German, French and British forbearers, from the progenitor Dirk Couché who owned the farm Coetzenburg outside Stellenbosch, through Jacobus Coetzee who figures in the second part of *Dusklands* (but was not a direct ancestor of J.M. Coetzee) to the English ancestry which made its appearance through the wedding of the author's great-grandfather Coetzee and the first wedding of his grandfather Gerrit Maxwell Coetzee. On J.M. Coetzee's mother's side the ancestry is traced back to the eighteenth and nineteenth centuries, most notably to the missionary Balthazar du Biel, the maternal great-grandfather, the first known forbearer of J.M. Coetzee who wrote books. The missionary's son, Albert du Biel, was a well-known Afrikaans novelist during the 1920's and 1930's, but presently only remembered by scholars of the history of literature. What is of importance for the work of J.M. Coetzee, however, is the recurrence of certain themes of Du Biel, most notably that of the sins of the forefathers and of disgrace, which play a dominant role in the work of the Nobel laureate.*

1.

Wanneer 'n mens op die internet op die webwerwe wat handel oor die skrywer J.M. Coetzee ingaan of verspreide biografiese sketse oor hom raadpleeg, is dit opvallend hoe baie gedeeltelik onjuiste en selfs blatant foutiewe inligting daarin voorkom.

'n Mens lees byvoorbeeld dat hy 'n afstammeling is van vroeë Hollandse koloniste wat hulle in die sewentiende eeu aan die Kaap gevestig het, dat sy ouers Afrikaners was sonder enige Britse bloed, dat hulle verkies het om hul kinders in Engels groot te maak en dat Coetzee dus 'n Afrikaner is wat in Engels skryf. In *Pen Nieuwsbrief* van Mei 2004 skryf Robert Dorsman dat Coetzee in 'n Afrikaanstalige gesin gebore is, maar versoek het om na 'n Engelstalige middelbare skool te gaan, 'n versoek wat deur sy ouers toegestaan is. Volgens 'n artikel deur Susan VanZanten Gallagher (2004) in die *Cyclopedia of World Authors* het hy opgegroeï op “his father's isolated sheep farm in the stony semi-desert of the Karroo (sic)”. Hy het sy skoolopleiding in Engels ontvang, hoewel die “Boer nationalists” aan bewind volgens Regina Janes (1997: 114-115) “demanded that Afrikaner children not learn English”. Hy het volgens haar Kaapstad in die jare sestig verlaat om linguïstiek in Brittanje te gaan bestudeer. (Janes, 1997) Coetzee se seun is, volgens *Wikipedia*, in 1989 op drie en twintigjarige leeftyd in 'n motorongeluk dood. Sy vader, skryf Laban Carrick Hill (2001) in 'n oorsigtelike artikel, was 'n prokureur maar het nooit in die regspraktyk gestaan nie. Al hierdie bewerings is vals. Waarskynlik die grofste voorbeeld van foutiewe inligting, wat op nie minder nie as sewe webwerwe voorkom, is dat hy as John Michael Coetzee gebore is maar later sy middelste naam na

Maxwell verander het. Dié inligting is telkens in artikels – soos dié deur Laban Carrick Hill (2001), Alan Riding¹ en Jeroen Vullings (2005) – geplagieer en word selfs herhaal in *World Literature Today* van Januarie – April 2004, ’n uitgawe met ’n hele aantal artikels oor Coetzee wat ná die toekening van die Nobelprys vir Letterkunde in 2003 aan hom gewy word. Soms het dié foutiewe inligting selfs implikasies vir die interpretasie van sy romans. So byvoorbeeld skryf Laban Carrick Hill dat die K in Coetzee se *Life & times of Michael K* deur kritici verbind is met Franz Kafka se *Der Prozeß* (Die verhoor), maar dat die K dikwels met ’n variante spelling met die C verwisselbaar en Coetzee se middelste naam Michael is.

Wat die kwessie van die naamsverandering betref, kan ’n mens kort gaan. Coetzee se geboortesertifikaat toon onbetwisbaar aan dat hy op 9 Februarie 1940 as John Maxwell Coetzee in die Mowbrayse Verpleeginrigting in Kaapstad gebore is. Die “gewone woonplek” van die ouers word in hierdie stadium as Victoria-Wes in die Groot Karoo aangedui en die vader, Zacharias Coetzee, se beroep as prokureur, sodat dit wil voorkom of die ouers – of dan ten minste die moeder – vir die bevalling na Kaapstad gereis het. Die moeder se volle name was Vera Hildred Wehmeyer. Wat nie vermeld word nie, is dat sy van beroep ’n onderwyser in die primêre skool was.

Hoewel die uitspraak dat Coetzee geen Britse voorsate gehad het nie, deur die stamboom verkeerd bewys word, is dit tog so dat die stamouers uit Nederland na die Kaap gekom het. In die sewentiende eeu het die Nederlande sowel op die gebied van die kuns en die kultuur as op die terrein van die staatkunde en ekonomie ’n ongekende bloeiperiode belewe. Die ekonomiese groei het onder meer ’n florerende handel met die Ooste meegebring, en dít het op sy beurt tot die stigting van handelsposte gelei. Wanneer die Nederlanders op 6 April 1652 aan die Kaap voet aan wal sit, was dit nie aanvanklik die bedoeling van die Vereenighde Oostindische G’octrooijeerde Compagnie (VOC) om ’n nuwe kolonie aan te lê nie, maar bloot om ’n “halfwegstasie” tussen die Nederlande en die Ooste op te rig waar die skepe op die lang seereise kon aandoen en verversings vir die verdere togte kon bekom. Dit is by hierdie historiese gegewe waarby Coetzee aansluit in die inleiding tot *White writing* (1988), sy eerste bundel kritiese opstelle wat spesifiek oor die “culture of letters” in Suid-Afrika handel. Hy skryf:

In 1652 a European settlement was planted at the tip of the African continent, at the Cape of Good Hope. It was set there for a specific and limited purpose: to provide fresh produce to East Indian trading between the Netherlands and Asia. (...) For the next century and a half (...) the company tried (...) to discourage the spread of settlement into the interior, to hold the colony to what it had originally been planned as: a trading post, a garden.” (Coetzee, 1988: 1)

Onder die Nederlanders wat hulle reeds in die sewentiende eeu aan die Kaap vestig, was Dirk Couché wat later sy familienaam Coetsé geskryf het. Die stamvader se ouers was Gerard Couché en Margaretha Claasdochter, albei burgers van die stad Kampen. Die

spelling Couché dui op 'n Franse herkoms, maar enige besonderhede en dokumente oor die geslagte verder terug het, behalwe vir die name van hul ouers, verlore gegaan.²

Dirk Couché het in 1655 in Kampen die eerste lig gesien en nog voor sy vertrek is hy getroud met Sara van der Schulp wat in 1654 in Amsterdam gebore is. Hulle reis met die *Asia* uit Texel na die Kaap en kom op 8 Mei 1679 aan na 'n vaart van vier maande en twintig dae. Hoewel hy as adelbors in diens van die VOC reis, was dit slegs om sy passaat na die Kaap te betaal, want uit die staanspoor was hy van plan om hom as vryburger te vestig, nie as amptenaar in diens van die Kompanjie nie. In die eerste aantal jare woon die egpaar in 'n huis in Papendorp (die huidige Woodstock), en dit is bes moontlik dat hy reeds in hierdie stadium plaasprodukte aan die verbygaande skepe van die VOC gelewer het. In 1682 skenk kommandeur Simon van der Stel 'n plaas in Stellenbosch aan hom wat later as Coetzenburg bekend sou word en vandag die sportsentrum van die Universiteit van Stellenbosch huisves. Hy behou egter die dorpshuis in Papendorp en as gevolg van sy vrou se latere swak gesondheid bewoon die egpaar dit weer vanaf 1721. (Coetzee, 1979: 92)

Dirk Couché slaag daarin om Coetzenburg aan die oewers van die Eersterivier tot 'n pragplaas uit te bou en later ook Assegai Bosch in die aangrensende Jonkershoek te besit. Op die oorspronklike grondbrief van Coetzenburg, wat uit die dekade 1682-1692 dateer, het Johannes Mulder, die dorp se eerste landdros en landmeter, 'n klein sketsie geteken van die eerste eenvoudige woonhuis op die plaas, met 'n gesellige rokie wat uit die skoorsteen trek. (Visagie, 2000) Dat hy 'n vooraanstaande burger van Stellenbosch was, blyk uit die feit dat hy as diaken en later as ouderling in die kerk diens doen, in 1787 as heemraad gekies word en in 1706 as kaptein aan die hoof van die Stellenbosse infanterie staan. Hy het waarskynlik iets te make gehad met die stryd teen die ongewilde W.A. van der Stel wat sy vader in 1699 as goewerneur van die kolonie opvolg, maar weens sy diktatoriale bestuurstyl, bevordering van eiebelang en begunstiging van vriende in 1707 deur die Here XVII na Amsterdam teruggedroep word. 'n Mens lei sy betrokkenheid af uit die feit dat die egpaar in hul gesamentlike testament van 1714 Adam Tas, een van die leiersfigure in die verset, as een van twee voogde oor hul onmondige kinders aanstel.

Hoewel J.M. Coetzee met hierdie stamouers beslis van Nederlandse afkoms was, is die moontlikheid van Engelse bloed aan die kant van die stammoeder nie uitgesluit nie. Die stammoeder, Sara van der Schulp, se vader Jacob was getroud met Maria (of Mary?) Elison, 'n familienaam wat na alle waarskynlikheid op 'n Engelse herkoms dui. Dit was heel moontlik in die Amsterdam van die sewentiende eeu wat, net soos ander groot handelstede in die destydse Europa, deur 'n aanmerklike kontingent Engelse handelslui bewoon is. Indien dit wel die geval was, bestaan daar die tergende moontlikheid dat Engelse bloed reeds vóór die koms na die Kaap in die stammoeder aanwesig was en dat daar later in die tien kinders uit die stamouers se huwelik ook 'n stroompie Engelse bloed kon gevloei het.

Coetzenburg word in 1721 oorgeneem deur Dirk se seun Gerrit, in 1683 in die

Kaap gedoop, wat in 1722 met Susanna Loefke (later Lubbe gespel) van Nederland in die huwelik tree. Coetzenburg bly in sy geheel of gedeeltelik in sy besit tot 1753 toe die res van die plaas aan die Colonie (Stadsraad) van Stellenbosch oorgemaak is.

Die oudste seuns van die volgende drie geslagte sou telkens, soos ook die stamvader se oudste seun, die naam Gerrit dra, wat 'n vernoeming van die Nederlandse Gerard Couché is en die dominante voornaam in die J.M. Coetzee-lyn van die Coetzees sou word. Terwyl die seun van die stamvader nog sy familienaam Coetsé spel, word dit van die derde en vierde geslagte af toenemend Coetzee, die spelling wat die nasate meestal in Suid-Afrika sou volg. Gerrit Coetzee, gedoop in 1729, se eerste vrou met wie hy in 1766 in die huwelik tree, was Johanna Elizabeth Romond. Haar vader het uit Zutphen in Nederland gekom, maar te oordeel na die familienaam was hy waarskynlik 'n Franse vlugteling wat om sy geloof na Nederland en daarna na die Kaap verhuis het, al het vader Romond hom vroeër as die Franse Hugenote van 1688 aan die Kaap gevestig. Sulke immigrante wat feitlik al hul besittings in Frankryk moes agterlaat, was meermale in geldnood, en 'n immigrasie na die Kaap, met die versekering van 'n betrekking by die VOC of met aanvanklike finansiële steun van die Kompanjie vir 'n boerdery, was dikwels vir hulle 'n uitkoms. Hul seun, Gerrit Coetzee, gebore 1775, trou in 1801 met Johanna Hendrina Buitendag wat in 1778 gedoop is. Hulle seun Gerrit, gebore in 1811, trou op sy beurt in 1837 met Elizabeth Jacoba Hess wat in 1807 gebore en in die Lutherse Kerk in Kaapstad gedoop is. Hierdie Gerrit was volgens die *Cape Almanac* van 1869 'n grofsmid, 'n ambag wat hy vanuit Dorpstraat 67 in Kaapstad bedryf het en waarby sy seun Gerrit Frederik hom later bygestaan het.³

Reeds deur die huwelik met Buitendag (met 'n ch gespel) kom daar Duitse bloed in die Coetzees, en dit word versterk deur die huwelik van Gerrit Coetzee van die vyfde geslag met die dogter van Frederik Laurens Hess en Aletta Elizabeth Delport. Dié laaste huwelik is dan ook die rede waarom daar met die vernoeming van die oudste seun van die sesde geslag Coetzees van die gebruikelike voornaam Gerrit afgewyk word en hy die name Frederik Laurens van sy Duitse grootvader dra, met die byvoeging van Johannes. Met die naam Johannes kan hy terugreik na een van die seuns van die stamvader, maar waarskynliker is dit die manlike vorm van sowel sy ouma as sy oumagrootjie aan moederskant. Frederik, wat aan die Weskus gebore is en hom later op die dorp Ceres sou vestig, trou in 1865 in Kaapstad met Elizabeth Agnes Mills wie se moeder uit Hamilton, Skotland afkomstig was. Soos sy vader was Frederik ook 'n grofsmid van beroep, maar in die jare tagtig van die negentiende eeu tref 'n groot teenspoed hom as hy bankrot speel en sy eiendom op die dorp saam met sy meubels verkoop word om sy skuld te delg.⁴

Met die huwelik van Frederik Laurens Johannes met Elizabeth Agnes Mills kry ons die eerste definitiewe Britse bloed in die Coetzee-familie. Hulle was die oorgrootouers van die skrywer. Wanneer J.M. Coetzee dus in een van sy onderhoude met David Attwell sê dat geen Afrikaner hom as iemand met Engels as huistaal as 'n Afrikaner sal beskou nie, terwyl hy streng gesproke by die afwesigheid van Britse voorouers ook nie

as 'n Engelse Suid-Afrikaner kan kwalifiseer nie, is dit duidelik dat sy kennis van sy Coetzee-voorgeslagte in 1992, die jaar van die onderhoud, maar skraps was. (Coetzee, 1992: 341-342) Dit is ook waarskynlik dat hy in 1992 onbewus was daarvan dat hy aan die Coetzee-kant van sy familie naas Nederlandse ook Duitse voorsate en selfs die moontlikheid van Franse voorouers gehad het.

Een van die boeiendste figure uit die derde geslag van die Coetzees aan die Kaap was Jacobus Coetsé, 'n seun van Johannes Hendrik Coetsé en Anna Elizabeth Paal,⁵ omdat hy die eerste vryburger met waagmoed was om op eie houtjie die onbekende binneland te verken. Simon van der Stel, kommandeur en later goewerneur van 1679 tot 1699, se beleid was om die aanvanklike verversingspos aan die Kaap tot 'n klein landboukolonie te beperk, om die burgers in die onmiddellike omgewing van die Kaap tot sover as Stellenbosch, die Paarl en Franschhoek te laat woon en verspreiding verder die binneland in te ontmoedig. In *White writing* skryf J.M. Coetzee:

The Dutch East India Company, which ran the settlement, had little interest in the hinterland of the Cape, which report said, was barren, inhospitable, and sparsely peopled by primitive Hottentots and Bushmen. Interest waned further when exploring parties failed to find any workable mineral deposits. (Coetzee, 1988: 1)

Hierdie poging van die VOC is egter slegs halfhartig deurgevoer en was in elk geval onsuksesvol, want Van der Stel se seun en opvolger, W. A. van der Stel, goewerneur van 1699 tot 1707, moedig veeboerdery sterk aan. Dit lei daartoe dat die boere geleidelik al hoe dieper die binneland inbeweeg en dat daar 'n nuwe tipe nomadiese mens ontstaan wat die oop ruimtes van die land leer liefkry en fisiek en psigologies opgewasse is vir die harde eise wat die baanbrekerslewe aan hom stel. Die stamvader en die meeste van sy tien kinders het verkies om in die betreklik rustige omgewing van die Kaap te woon, maar iets van die wordende Afrikaners se trekgees was reeds aanwesig in sommige van sy nasate wat die binneland sou intrek, eers in die rigting van die Noordweste en later na Sutherland in die Roggeveld en Graaff-Reinet in die Groot Karoo.

Van die eerstes wat só met dié trekgees besiel was om die knus kom van die Kaap te verlaat, is die stamvader se vierde en vyfde seuns, Johannes Hendrik en Cornelius onderskeidelik. Albei verkry volgens die VOC se stelsel van leenplase weidingsregte vir hul vee naby die huidige Piketberg, waar die VOC teen 1670 die mees noordelike militêre wagpos van die Kolonie aan die voet van die latere Pickenierskloofpas opgerig het om die Hollandse koloniste teen die strooptogte van die Koikoi anderkant die berg te beskerm. Wanneer Cornelius te sterwe kom, trou sy weduwee met Johann Heinrich Lange, maar in 1758 word die plaas oorgeneem deur Johannes Hendrik se sesde seun, Jacobus, wat as jong kind saam met sy ouers, broers en susters na hierdie destydse grensgebied van die Kolonie verhuis.

Jacobus, gebore in 1730, in 1754 getroud met Maria Margaretha Cloete en oorlede tussen die jare 1810 en 1816, was iets van 'n avonturier en 'n waaghals.⁶ Dit blyk uit die

feit dat hy in 1760, met die toestemming van goewerneur Ryk Tulbagh, op 'n ekspedisie noord van die latere Piekenierskloof die onbekende in vertrek. Amptenare van die VOC het wel tussen die jare 1660 en 1664 reise na hierdie geweste onderneem met die doel om die handel met die inboorlinge te bevorder en te soek na die legendariese ryk Monomotapa en die goudstad Vigiti Magna, maar dit was eers Oloff Bergh in 1683 en Simon van der Stel in 1685 wat verder noord tot by die Koperberge in Namakwaland gevorder het.

Jacobus Coetsé, soos hy bekend was, reis nog verder tot by die Grootrivier, oorspronklik die Gariep en later die Oranjerivier genoem, en tot in die suide van die latere Namibië. Hy sien baie kameelperde, 'n dier wat tot in daardie stadium heeltemal onbekend aan die Kaap was. Hy ontdek ook heelwat plantsoorte en gee aan die kameeldoringboom sy naam, omdat hy gemerk het dat die kameelperde so graag aan die hoë blare van dié soort boom vreet. Hy was waarskynlik die eerste wit mens wat só diep in die latere Namibië ingedring het. Ná sy tuiskoms woon hy die jaarlikse wapenskou op Stellenbosch by waar die verhaal van sy reis groot opspraak verwek. Hy word oorreed om sy wedervaringe deur die politieke sekretaris in die Kasteel die Goeie Hoop op skrif te laat stel. Op grond van die inligting wat Coetsé verstrekk – in die besonder dat hy verneem het van die Damrokwas-stam met hul geel huidkleur, lang hare en linneklere, wat hy nie teengekom het nie – gee goewerneur Ryk Tulbagh toestemming dat Hendrik Hop, vergesel van Jacobus Coetsé as gids en tolk, in 1761 'n amptelike ekspedisie op dieselfde roete onderneem.

Die “Relaas” van Jacobus Coetsé word opgeteken deur die politieke sekretaris in die Kasteel en deur Coetsé met 'n kruis onderteken, sodat 'n mens die afleiding moet maak dat hy 'n analfabeet was. Dit is nogal vreemd, aangesien sy grootvader as heemraad 'n prominente inwoner van Stellenbosch was en sekerlik die vermoë gehad het om met gemak te lees en te skryf. Waarskynlik kan die afwesigheid aan die nodige skoling in skryf- en leesvaardigheid by die kleinseun toegeskryf word aan die feit dat hy vroeg in sy lewe reeds die betreklike beskaafdheid van die Kaap verlaat het en dat die afwesigheid van behoorlike onderwysers op die buiteposte hom die kans ontnem het om geletterd te raak. Daarby was hy duidelik 'n mens wat in die natuur, die buitelewe en die avontuur om nuwe gebiede te ontdek, opgegaan het. Jacobus Coetsé is dus nie 'n skrywende voorsaat van die latere so prominente outeur nie. Trouens, as seun van Johannes Hendrik Coetsé maak hy 'n deel uit van 'n ander stamboom as dié van J.M. Coetzee.

Toe J.M.Coetzee in die jare sestig van die vorige eeu in die VSA aan die studeer was, het hy die geleentheid gehad om in die goed toegeruste biblioteek van die Universiteit van Texas by Austin van die verslae van die vroeë reisigers deur suidelike Afrika te lees. Só het hy op die “Relaas” van Jacobus Coetsé afgekom en die gegewe só pakkend gevind dat hy dit as bron, maar op allerlei wyses aangepas en deur 'n vernuftige pseudo-dokumentasie omvorm, gebruik vir “The narrative of Jacobus Coetzee”, die tweede gedeelte van sy eerste roman, *Dusklands* (1974). In die “Afterword”, wat deur J.M.

Coetzee aangebied word as die nawoord van sy fiktiewe vader, die historikus dr. S.J. Coetzee, word van die “Relaas” gepraat as die produk van ’n “a Castle hack” (Coetzee, 1974: 115), ’n geroetineerde sekretaris van die VOC wat die mededelings van Jacobus op skrif moes stel, ’n knolskrywer wat hom in die gebruiklike amptelike styl van die tyd tot die dorre feite beperk, soos nageboots in die “Appendix” wat die aanskyn van ’n outentieke dokument kry. Die dramatiese verhaal van magswellus en geweld, wat die knolskrywer in die Kasteel nie opteken nie, word dan die eintlike gegewe van “The narrative of Jacobus Coetzee”, wat in werklikheid ’n herskrywing is van die oorspronklike “Relaas”, met die aksent op wat “werklik” gebeur het.

Wanneer hy deur sy uitgewer, Peter Randall van Ravan Press, vóór die publikasie van *Dusklands* gevra word om enkele biografiese besonderhede vir reklame van die boek te verskaf, is J.M. Coetzee huiwerig om dit te doen. “As for my family background”, skryf hy in ’n brief op 17 Januarie 1974 aan Randall, “I am one of the 10, 000 Coetzees, and what is there to be said about them except that Jacobus Coetzee begat them all?” Uit hierdie uitspraak, wat Randall, téén Coetzee se sin, op die stofomslag van *Dusklands* gebruik, is dit duidelik dat die skrywer in hierdie stadium onbewus was van die plek wat Jacobus Coetsé in die stamboom van die Coetzees inneem en dat hyself Jacobus as ’n regstreekse voorvader beskou. Dalk kon hy hom as afstammeling van die familie in Suid-Afrika, soos die karakter Jacobus Coetzee in *Dusklands*, sien as “a tool in the hands of history.” (Coetzee, 1974: 114)

2.

Frederik Laurens Johannes Coetzee en sy vrou Elisabeth Agnes Mills se oudste seun was Gerrit Maxwell Coetzee, die grootvader van die skrywer. Hy is op 19 November 1868 op Hopefield gebore en tree in die huwelik met Mary Ann Fuller wat in 1870 in Skotland die eerste lig sien. Met dié huwelik word die Britse bloed by die Coetzees versterk, al was Mary Ann nie die grootmoeder van J.M. Coetzee nie. Uit die huwelik is twee dogtertjies klein dood, terwyl ’n dogter en ’n seun die lewe behou: Irene Linda (1899-1990) en Stanley Maxwell Buller (1901-1985). Twee maande ná Stanley se geboorte sterf sy moeder in 1902 op die jeugdige ouderdom van twee en dertig, waarskynlik as gevolg van komplikasies met die bevalling. Gerrit Maxwell Coetzee trou ’n tweede keer in 1905, hierdie keer met Magdalena Catherina (Lenie) de Beer wat in 1884 op Prins Albert gebore is en in 1978 op hoë ouderdom in Kaapstad sterf.

Die De Beers, wat deur hierdie huwelik met die Coetzees verbind word, was ’n vooraanstaande familie uit Prins Albert. Die stamvader van die De Beers in Suid-Afrika is Matthys Andries de Beer, afkomstig uit Nederland. Sy seun Zacharias (1719-1777) was ’n burger op Stellenbosch, maar in 1762 verleen goewerneur Ryk Tulbagh aan hom toestemming om hom op die plaas Queeckvalleij, later Kweekvallei gespel, aan die voet van die Groot Swartberge te vestig. Sy seun Samuel de Beer (circa 1762 – ná 1809) was die negende kind van Zacharias se vyftien kinders en die oudste uit sy derde huwelik met Dina Margaretha van Dyk. Hy groei op in die Drakenstein, ’n belese,

ontwikkelde man met 'n kennis van wêreldgebeure. In 1783 is hy getroud met Anna Eleanora de Villiers. Van 1794, 'n jaar voor die eerste Britse oornam van die Kaap, woon hy op die plaas wat aan sy vader toegeken is en waarop die dorp Prins Albert, vernoem na die gemaal van koningin Victoria, in 1842 aangelê sou word. Samuel de Beer kon sy tuine en wingerde uit 'n sterk fontein teen die heuwel agter sy opstal natlei en botter, droëvrugte en wyn van 'n goeie gehalte, vergelykbaar met die hoog aangeskrewe Constantia-wyne, aan die mark in Kaapstad lewer.

Saam met genl. J.W. Janssens, wat van 1802 tot 1806 as goewerneur aan die hoof van die kortstondige Bataafse Bewind aan die Kaap staan, besoek die reisiger Hinrich Lichtenstein die plaas Kweekvallei in Februarie 1804. Hulle vind dat De Beer die hele wit bevolking, ongeveer twintig mense, met gewere by hul aankoms laat paradeer, terwyl sy oudste kinders op dwarsfluite speel en die Bataafse driekleur oor die huis wapper. Hy sit die gaste 'n uitstekende maaltyd voor en Lichtenstein neem voorbeelde van De Beer se wyn met hom saam na Europa. Ten spyte van die gul ontvangs vind Lichtenstein hom egter 'n ydel, verwaande vent. In die Engelse vertaling van sy *Travels in South Africa* skryf hy:

The principal features of his character were vanity, bigotry and a love of domination, accompanied by a certain querulousness, and political fanaticism. (...) [H]e prided himself not a little upon it, as shewing how much wiser he was than his neighbours, and looked down with a sort of contempt upon them. (...) He asserted, as is very common among his countrymen, that Africa would be the most fertile and blessed country upon the globe, would produce every thing, if the peasants were less idle and stupid. As a proof of this, he cited his own experience in the fertility of his place, on which he dilated so warmly. (Lichtenstein, 1815: 69-71)⁷

Só sterk was Samuel de Beer se fanatiese verering vir die groot beginsels van vryheid, gelykheid en broederskap dat hy twee van sy kinders na generaals uit die Franse Rewolusie vernoem het: Bonaparte en Moreau. Daarom was hy verheug toe die Kaap met die Vrede van Amiens weer in Nederlandse hande geval het, aangesien Nederland 'n bondgenoot van Frankryk in die oorlog teen Engeland was. Dit is vreemd dat die familie Coetzee, wat later so 'n sterk voorliefde vir die Engelse sou gehad het en in die twintigste eeu skepties was oor die opkomende nasionalisme onder die Afrikaners, in 'n familie met so 'n voorvader, wat sy gevoel teen die Engelse as 'n erfenis vir sy kinders en kindskinders sou agterlaat, sou ingetrou het. Samuel se seun, Zacharias (Zaag) Johannes Hendricus de Beer, wat in 1858 gebore is, was 'n meer besadigde, hoewel konserwatiewer, mens. Hy was 'n sakeman met twee winkels op Prins Albert en het vyf en vyftig jaar lank as diaken, ouderling en skriba in die Kerk en ook op die dorpsbestuur gedien. Hy was die vader van Lenie de Beer wat met Gerrit Maxwell Coetzee getroud is. Sy vrou was Magdalena Maria le Roux, die dogter van Gabriel Jacobus le Roux wat een van die voorvaders is van die skrywer Etienne Leroux, onder meer bekend vir sy roman *Sewe dae by die Silbersteins* (1962). Daar is, hoe ver verwyderd

dit ook al mag wees, dus 'n bloedlyn tussen twee van die voorste Suid-Afrikaanse skrywers, J.M. Coetzee en Etienne Leroux!

Lenie het vroeg in die twintigste eeu klavier, orrel en viool op Stellenbosch bestudeer en was, selfs toe sy al in die negentig was, 'n uitstekende pianis. Op haar oudag kon sy nog aan haar kinders en kleinkinders vertel hoe haar vader tydens die konstruksie van die indrukwekkende Swartbergpas, wat in 1886 geopen is, 'n handelspos op die berg gehad het. Lenie was op 'n dag as klein dogtertjie saam met hom op die berg toe die weer begin opsteek en een van die bandiete wat aan die pas gewerk het, haar tot op die dorp moes dra. In die familie was daar 'n silwer lepel, 'n geskenk van Thomas Bain, die meesterbouer van die Swartbergpas en ander bergpasse en die "colossus of roads", soos Patricia Storrar (1984) hom noem. Op sestienjarige ouderdom tydens die Anglo-Boereoorlog is Lenie onder huisarres geplaas, omdat sy in die aanwesigheid van Britse soldate by 'n "sing-song" dit gewaag het om die Transvaalse volkslied te speel.⁸

Die naam Maxwell, wat met Gert Maxwell in die Coetzee-familie beland, is hoegenaamd nie oorgeërf van die Coetzee-kant nie. Dit laat die vraag ontstaan waar die naam sy oorsprong het. 'n Mens vermoed dat dit kom van die familie van Elizabeth Agnes Mills, Gerrit Maxwell se moeder wat getroud was met sy vader Frederik Laurens Johannes Coetzee. Nêrens in die Mills-stamboom is daar egter 'n Maxwell te vinde nie. In 'n brief wat 'n onbekende skrywer op 'n onbekende datum aan die moeder van J.M. Coetzee gerig en waarvan slegs 'n fragment bewaar gebly het,⁹ sê die outeur Maxwell "was not a family name, but a friend [of Frederik Laurens Johannes Coetzee] who was a partner of the old firm Maxwell and Earp in Cape Town." Die firma was aanvanklik in beheer van John Eben Maxwell, maar teen die einde van die negentiende eeu het sy weduwee Susan saam met haar seun Robert Miller Maxwell (1862-1935) die saak bedryf in vennootskap met Edward John Earp. Hulle het hoofsaaklik handel gedryf in eetgerei en ysterware, wat waarskynlik ook gereedskap vir 'n smedery ingesluit het.¹⁰ Frederik Laurens Johannes Coetzee was só goed bevriend met Maxwell dat hy sy seun Gerrit Maxwell laat doop het. Gerrit Maxwell het dus sy tweede voornaam ontvang uit hierdie besondere vriendskap.

Gerrit Maxwell word saam met sy broers en susters op Aurora naby Velddrif aan die Weskus groot as die oudste van nege kinders, maar verhuis later saam met sy ouers, broers en susters na Ceres.¹¹ Onder sy broers was daar twee boekhouers, 'n posmeester en 'n bankbestuurder, almal goeie burgers van die samelewing, sonder om buitengewone posisies te bereik. Die uitsondering was Gerrit Maxwell wat 'n groot sukses van sy lewe as sakeman en boer gemaak het en in sy omgewing 'n gesiene man was. Vermoedelik het hy, waarskynlik as gevolg van geldnood wat deur sy vader se sekwestrasie ontstaan en hom op 'n baie vroeë ouderdom getref het, net tot standerd VII skoolgegaan en toe as jongeling na die Karoo getrek. Aanvanklik het hy 'n bestaan as togryer gemaak en weldra met 'n klein winkeltjie vir kruideniersware op Koupstasie naby Laingsburg begin. Later het hy begin werk op Laingsburg in Fuller se winkel met wie se dogter hy sy eerste huwelik sou aangaan. Tien tyde van sy eerste vrou se dood het

hy reeds 'n winkel en 'n slaghuis op Laingsburg besit, maar ook die hotel en slaghuis op Fraserburgweg (die latere Leeu-Gamka) wat deur sy twee ongetroude susters bedryf is. Net soos sy vader het Gerrit Maxwell sterk bande met die firma Maxwell & Earp gehad. In die likwidasië- en distribusierekening van sy eerste vrou se boedel wys verskeie items dat haar man sake van beduidende omvang met Maxwell & Earp gehad het.¹² Hy moes, soos sy vader, 'n besonder hegte vriendskap met Robert Miller Maxwell gesluit het, want hy het sy kinders versoek dat hul eersgebore seuns telkens die naam Maxwell onder hul voorname moes hê. Wat die aard van dié vriendskap was, is onbekend, maar dit was klaarblyklik só heg dat Frederik se seuns en kleinseuns dié versoek eerbiedig het.

Ná sy huwelik met Lenie de Beer, vyftien jaar jonger as hy, het Gerrit, of Gert soos hy alom bekend was, steeds op Laingsburg bly woon waar hulle eerste drie kinders gebore is en waar hy in 1907-1908 as burgemeester gedien het. (Kritzinger, 1957: 148) Saterdag is hy dikwels per trein na die nabygeleë Matjiesfontein waar die jong Skot Jimmy Logan 'n pragtige hotel bedryf het wat aangedoen is deur strome reisigers onderweg per ossewa, perdekar, koets of trein na die rykdomme van die diamantveld in Kimberley. Logan het sy dorp tot 'n lieflike Victoriaanse gesondheids- en vakansieoord ontwikkel vir Europese besoekers met borskwale en wat deur die droë lug van die Karoo volkome genees kon word. Cecil John Rhodes, vooraanstaande politici van die Kaap en verskeie lede van die Britse aristokrasie was gereelde besoekers en Olive Schreiner, skrywer van die internasionaal beroemde *Story of an African farm* (1883), het 'n tyd lank daar gewoon en herhaaldelik vir besoeke teruggekeer. Haar belangrike boek *Thoughts on South Africa* (in 1896 geskryf maar eers postuum in 1923 gepubliseer) het daar ontstaan. Tydens die Anglo-Boereoorlog is 'n groot perdevoorsieningskamp met 10 000 troepe en 20 000 perde in die onmiddellike buurt van Matjiesfontein opgerig en 'n gedeelte van die hotel is as herstellingshospitaal vir Britse offisiere gebruik, met die sentrale torinkie as 'n gewapende uitkykpos vir moontlike vyande.

Die rede vir Gert se gereelde besoeke aan Matjiesfontein was omdat hy as geesdriftige krieketspeler graag deel wou wees van die wedstryde wat Logan met sy entoesiasme vir die spel gewoonlik op Saterdag gereël het. Selfs Lenie, sy vrou, was iemand wat geesdriftig meegedoen het, met 'n plek op die veld wat volgens oorlewering as "suicide point" bekend was. Logan het 'n hartstog vir die spel gehad en geen koste ontsien om krieket in Suid-Afrika te bevorder nie. By geleentheid het hy die MCC, die Engelse krieketspan, na Suid-Afrika laat kom en Gert in sy plaaslike span ingesluit.

Oor die verloop van een van die wedstryde wat Logan gereël en waaraan Gert deelgeneem het, bestaan 'n beëdigde verklaring, omdat die uitslag aan die haas ongelooflike grens. Tydens die vroeë stadium van die Anglo-Boereoorlog reël Logan 'n wedstryd tussen die Britse militêre wat lede was van die garnisoen op Prins Albert en 'n plaaslike span wat op Prins Albertweg gespeel sou word. Die militêre sou eerste kolf. W.A. Brown Rowan begin met die bouaanval en in die eerste beurt neem hy drie paaltjies van die Britte, sonder dat hulle die kans kry om 'n enkele lopies aan

te teken. Daarna neem Gert Coetzee die boulwerk oor en neem nog twee paaltjies sonder 'n lopic. Wanneer Rowan weer begin boul, palm hy die res van die paaltjies in, sonder dat enige van die kolwers 'n enkele lopic kon aanteken. Daar was wel 'n bylopie wat aangeteken is van Coetzee se aanval, al is die kolwer byna uitgehardloop, terwyl 'n enkele verdere lopic van 'n foutbal gekom het. Die Britse span het dus 'n totaal van twee vir sy volledige beurt gehad! Veel later, op 5 Maart 1935, teken Gert Coetzee en van die ander betrokkenes in die magistraatskantoor op Prins Albert 'n verklaring om die uitslag van die wedstryd skriftelik te bevestig. Dit word later in die *Cape Argus* gerapporteer.¹³

Toe Gert se een suster, wat die hotel en slaghuis help bedryf het, in die huwelik tree, het hy en Lenie omstreeks 1912 saam met die kinders na Fraserburgweg (Leeu-Gamka) verhuis. Daar het die gesin hul eerste motor, 'n BSA, gekry en het hulle almal vir die pret op die Kruidfontein-Leeu-Gamka-pad met 'n trein teen die verbysterende snelheid van vyftien myl per uur resies gejaag. In 1916 koop Gert die plaas Vogelfontein, onder die familie algemeen bekend as Voëlfontein, en in 1919 verhuis die gesin daarheen. Die plaas, wat vandag steeds in die familie se besit is en aan Gerald Coetzee, 'n neef van J.M. Coetzee, behoort, was oorspronklik 14 130 morg in grootte en is bereikbaar deur by Leeu-Gamka van die N1 weg te draai, vyftien kilometer lank met die pad na Fraserburg aan te hou, dan by 'n hek links in te draai en tot by die opstal van die plaas vyftien kilometer verder te ry. Met sy talle ondernemende sakebelange was Gert teen hierdie tyd 'n vermoënde man en naas sy skaapboerdery op die plaas het hy ook 'n uitgebreide vrugteboerdery bedryf. By herhaling was hy waardeerder vir die Landbank en hy was wyd bekend as 'n uitmuntende perdekenner wat meer as dertig jaar lank karperde en muile op landbouskoue beoordeel het, van Rosebank en Goodwood in die Kaap tot Worcester en Swellendam. In die jare op Voëlfontein dien hy op die nabygeleë Merweville se dorpsbestuur. Hy en sy vrou skenk ook die stoel vir die preekstoel van die N.G. Kerk op dié dorp. (Erasmus, 1954: 41)

Op Voëlfontein het Gert 'n pragtige ruim plaashuis met 'n Kaaps-Hollandse gewel laat bou. Jaarliks kon die uitgebreide familie, soms tot veertig mense op 'n slag, van oraloor tydens Kerstyd of met Pase vir die saamtrek na Voëlfontein opruk, terwyl die getal aanwesiges elke jaar met die groeiende gesinne vermeerder. Dan is daar gelag en geskerts, terwyl hulle, met die bougainvillea aan die een kant en die lemoenboord reg voor hulle naby die huis, al geselsende op die breë stoep kon sit, herinneringe uit hul jeug aan mekaar kon vertel en oor die glansende Karoo uitkyk. Vir die mans was dit ook 'n tyd om in die vroeë oggende wilde voëls te skiet en springbokke te jag. Op die solder kon die kleinkinders allerlei geheime ontdek. In byna elke vertrek van die huis was daar beddens, matrasse en opvoubeddens, terwyl van die kinders op die lang stoep met sy veranda of selfs agterop die bakkies geslaap het.¹⁴ In die ruim kombuis met sy Agastoof het Lenie, later bygestaan deur haar dogters en skoondogters en met die hulp van talle plaasvroue, in die oggend tee of koffie met die heerlikste gebak bedien en oordadige etes vir die besoekers voorberei. Bokant die plaashuis was die dam en die

kinders kon swem by die fontein wat spesiaal vir die besoeke skoongemaak is. Orals naby die werf was die kraalmure, soms tot twee voet dik, van op 'n afstand sigbaar. Baie van die kinders en kleinkinders van Gert en Lenie het Lenie se musikale aanleg geërf en omtrent almal het 'n groot belangstelling in sport gehad. Wanneer die familie in groot getalle na Voëlfontein optrek, het sowel die seuns as die dogters krieket gespeel, terwyl die res van die familie op die breë stoep sit en toekyk het.

Van die jonger kinders uit Gert se huwelik met Lenie het aanvanklik op die plaas by hul halfsuster Irene, 'n opgeleide onderwyseres, onderrig ontvang en daarna hul skoolopleiding op Prins Albert voortgesit waar hulle by hul oupa en ouma De Beer kon inwoon, in die jare dertig ook by Gert en Lenie wat hulle op Prins Albert gevestig het nadat die plaas deur twee van hul seuns, Stanley (uit sy eerste huwelik) en Gerald (gewoonlik Son genoem), oorgeneem is. Van September 1935 tot September 1941 was Gert burgemeester van Prins Albert.¹⁵ Vir die hoërskool is die ouer kinders na Kaapse skole gestuur: die dogters na Wynberg Hoër Meisieskool, die seuns na Caledon of na Hoër Seunskool in die Paarl.

Gert was 'n Anglofiel, en dit is nogal vreemd dat 'n dogter uit die familie De Beer, wat in die twintigste eeu sterk ondersteuners van die Nasionale Party sou word en in 1949 'n rol by die inwyding van die Voortrekkermonument sou speel, in die huwelik sou tree met die half Engelse, krieketspelende Gert Coetzee wat altyd 'n sterk Sap en pro-Smuts-man sou bly. Sy en Lenie se eerste taal was Afrikaans, hoewel hulle, as gevolg van 'n Engelstalige skoolonderrig, in die negentiende-eeuse Kaapkolonie die algemene praktyk, goed Engels kon praat. Deur haar huwelik het Lenie ook nader aan die Engelse begin beweeg.

Gert is op 21 Junie 1946 op sewe en sewentigjarige leeftyd op Voëlfontein oorlede. Minder as 'n kilometer van die plaashuis – waar die pad in twee vurk, links na Merweville en regs na Fraserburg – is die begraafplaas waarin sy graf met 'n marmarsteen prominent bo die ander grafte, almal vroeëre inwoners van die plaas, uitrys. Op sy grafsteen word die datum van afsterwe en sy ouderdom vermeld, met die woorde: “In liefdevolle herinnering aan my dierbare eggenoot Gert Maxwell Coetzee. En daar sal geen nag meer wees nie.” Die laaste sin – 'n aanhaling uit Openbaring 21: 25 en 22: 5 – word skynbaar weerspreek wanneer sy kleinseun later die omgewing van die begraafplaas in die genadelose barheid van die Groot Karoo beskryf: “Whatever dies here dies firmly and finally: its flesh is picked off by the ants, its bones are bleached by the sun, and that is that. From the earth comes a deep silence, so deep that it could almost be a hum.” (Coetzee, 1997: 97) Sy kleinseun John was tydens sy dood net oor die ses jaar oud en het die herinnering aan 'n geboë, knorrige ou man met 'n stekelrige ken met hom saamgedra. Dié welgestelde en deftige grootvader was as die “boordjie-boer”¹⁶ bekend en was naas plaaseienaar ook die eienaar van 'n hotel en 'n winkel op Fraserburgweg en 'n huis op Merweville waar 'n Union Jack op die verjaardag van die Britse koning gewapper het. Wanneer sy kleinseun later in *Boyhood* oor hom skryf, roep hy die woorde van sy seuns in die herinnering: “'n Ware ou jintelman en 'n ware

ou jingo!”), woorde wat eintlik op sy graf aangebring behoort te gewees het. (Coetzee, 1997: 128) Sy moeder, wat by tye ’n gestremde verhouding met haar skoonfamilie gehad het, kon by sulke woorde van haar swaers honend vertel hoe bang sy seuns vir hom was en hoe hulle nooit, selfs toe hulle al uitgegroeide mans was, dit gewaag het om ’n sigaret voor hom aan te steek nie. (Coetzee, 1997: 128) Ná die middagmaal moes die hele huis grafstil wees, terwyl hy sy middagslaap geniet. Die vrees vir die ou man, so dra John se niggie Margot dit in *Summertime* met sy boeiende kombinasie van fiksie en werklikheid oor, het die ander grootmense soos muise laat word. Tog was Gert Coetzee ondernemend en sonder hom sou die familie nie op Voëlfontein in die Karoo gewees het nie. Hy het begin as ’n smous wat katoenprente, potte en panne en medisyne aan boere en mense op die platteland verkoop het. Daarmee het hy genoeg gespaar om ’n aandeel in ’n hotel te koop, dit weer te verkoop en grond te koop, sodat hy hom kon vestig as ’n perdeteler en skaapboer. (Coetzee, 2009: 106-107) Teenoor hom, so gee Margot dit weer, is die ander Coetzee-mans “slagatte”.¹⁷ Terwyl die vader se gedonder en gebrul hulle in hul skoene laat bewe het, was die moeder ligvoetig soos ’n muis. Toe die seuns uit is in die wêreld, het hulle volgens Margot geen ruggraat, geen geloof in hulself en geen moed gehad nie. Wat die Coetzees sulke maklike mense gemaak het, meen sy, was hul geselligheid, hul goeie geselskap en hul voorkeur vir ’n maklike uitweg. Daarom het hulle nooit gestry of onder mekaar getwis nie. Hulle het verwag dat die hele wêreld so ’n slap, gesellige plek soos Voëlfontein sou wees. (Coetzee, 2009: 116)

3.

Uit Gert en Lenie se huwelik is tien kinders gebore: Leonore (Lynne), Constance (Connie), Gerald Zacharias (Son of Sonny) wat die boerdery op Voëlfontein sou voortsit, Zacharias (Jack), Janet Agnes (Girlic) wat met Joshua Joubert Olivier sou trou en op ’n plaas in die distrik Williston sou woon, Agnes Elizabeth, Joy, Alfred Kenneth (Bubbles), Alan Hubert en James Mills. Bubbles het geboer in die distrik Williston en was bekend vir sy droë humor, terwyl Alan dikwels pittige briewe in die koerante geskryf het. Met die uitsondering van een was al die kinders van Gert, die twee uit sy eerste en nege van die tien uit sy tweede huwelik, kulturele Afrikaners in die sin dat Afrikaans hul huistaal was, al het baie van hulle nie die rigting van die Nasionale Party se soort nasionalisme ondersteun nie.

Die uitsondering was John se vader, Zacharias Coetzee (later Zach of Jack genoem), wat op 29 September 1912 op Prins Albert gebore en op 30 Junie 1988 in Kaapstad oorlede is. Hy heet dus na sy grootvader en oorgrootvader De Beer aan sy moeder se kant. As jong seun wou hy aanvanklik met alle mag en geweld matroos word, op vreemde seë vaar en eksotiese lande besoek, maar sy vader wou daar niks van weet nie.¹⁸ Dat hy met sulke idees rondgeloopt het, dui daarop dat hy iets van ’n romantiese dromer in hom gehad het en ’n wilde loot in die Coetzee-stamboom was. In plaas van uitvaar na die onbekende het hy sy leerjare as kandidaatprokureur by ’n firma

op Caledon deurloop en, ná 'n kortstondige periode in Kaapstad, in 1936 met 'n eie praktyk op Victoria-Wes begin. Daar ontmoet hy Vera Hildred Marie Wehmeyer, gebore 2 September 1904 op Uniondale en oorlede 6 Maart 1985 in Kaapstad. Hoewel sy van Duits-Poolse afstamming was en Afrikaans goed kon praat, het sy, waarskynlik onder invloed van haar moeder wat deur haar kinderjare in die Verenigde State voorkeur gegee het aan Engels, op haar beurt ook Engels met haar kinders gepraat. Vera het ná matriek 'n jaarkursus in primêre onderwys by die Universiteit van Kaapstad voltooi en toe op Victoria-Wes begin skoolhou. Daar het sy en Jack mekaar ontmoet en op mekaar verlief begin raak. In 1936 is hulle getroud. Wanneer hul kinders gebore word, is Engels reeds gevestig as hul huistaal. Wat dadelik opval wanneer 'n mens hul onderskeie ouderdomme op hul oudste seun John se geboortesertifikaat vergelyk, is dat Jack in die jaar van hul huwelik vier en twintig jaar en Vera reeds twee en dertig jaar oud was – 'n verskil dus van agt jaar.

Danksy die navorsing van Stefan Wehmeyer, 'n kleinneef van J.M. Coetzee, kan die Duitse voorgeslagte van die familie, almal uit die gewone werkersklas met beroepe soos meulenaar en kleremaker, tot in die sewentiende eeu teruggevoer word. Die voorvaders van die Suid-Afrikaanse Wehmeyers het in die dorpie Quackenbrück, noord van Osnabrück in Niedersachse, gewoon. Die stadje Quackenbrück, wat reeds in die jaar 1235 gevestig was, se naam klink asof dit 'n paddastroompie kan beteken, maar dit het niks daarmee te doen nie. Die woord “Brück” beteken 'n brug, terwyl “Quacken” dieselfde stam het as die Engelse woord “quake” en die woord dus 'n brug oor 'n moerasagtige, onstabiele, bewegende stuk aarde beteken. (Wehmeyer 2007) Die eerste bekende Wehmeyer was Johann Gerd Wehmeyer (1666-1705), gevolg deur twee geslagte met dieselfde naam: Berend Hinrich Wehmeyer (1701-1788 en 1736-1788 onderskeidelik).

Die stamvader wat in 1789 na die Kaap kom en van die laaste immigrante was wat die Kaap in diens van die VOC sou bereik, was Gottlieb Wilhelm Bernard Wehmeyer (1763-1803), wat in 1791 met Catherina Elizabeth Zondagh (1772-1809) in die huwelik tree. Waarskynlik het hy die groen stadje, waardeur die Hasenrivier vloei, weens gebrek aan werksgeleenthede in die destydse Duitsland verlaat, terwyl die avontuur van 'n vreemde en ongerepte land hom verder kon gelok het, soos die vreemde seë sy oom laat besluit het om uit die kleindorpse vesting van sy familie weg te gaan en skeepsdokter te word. (Wehmeyer, 2007)

Sy seun Bernard Mathys (1794-1850) sou in 1823 met sy eie niggie, Martha Johanna Maria Zondagh (1806-1858) uit die Langkloof, in die huwelik tree. Hy was 'n veldkornet en het in die jare dertig van die negentiende eeu grond naby Avontuur aangekoop. Anders as sy vader wat op vroeë ouderdom in die Kaap oorlede is, sou hy hom in die Suid-Kaap vestig omdat sy oupa Zondagh in dié wêreld gewoon het. Teen 1839 het Bernard 'n deel van sy plaas op Avontuur in erwe opgedeel, aan bruin mense teen 'n jaarlikse tarief verhuur en sendelinge van Pacaltsdorp uitgenooi om sendingwerk onder hulle te kom doen.

Sy seun Gottlieb Wilhelm Bernard (1826-1909) is in Port Elizabeth gebore en was bekend daarvoor dat hy sowel Nederlands as Engels goed kon praat. Hy het geboer op die plaas Oude Wolwekraal in wat later die distrik Uniondale sou word. In 1854 is hy verkies tot lid van die Kaapse Parlement as verteenwoordiger van George, 'n posisie wat hy tot 1858 beklee het. Ná sy uittrede beywer hy hom vir 'n kerkgebou op Uniondale en vir 'n behoorlike berggas tussen dié dorp en Knysna wat deur Thomas Bain voltooi word en as die Prins Albertpas bekend staan.

Gottlieb se seun was Petrus Hendrik (Piet) Wehmeyer (1864-1931) wat in 1895 met Louisa Amelia du Biel (1873-1928) in die huwelik tree en sy vader se plaas Oude Wolwekraal erf. Hulle was die grootouers van John Coetzee aan moederskant. Aangesien albei voor sy geboorte oorlede is, kon die skrywer in sy jeugjare hoogstens deur die herinnering van sy moeder en ander familieleden iets van hulle te hore gekom het. Daarby was die Wehmeyers ver van Kaapstad, Worcester en die Karooplaas Voëlfontein wat J.M. Coetzee se woon- en kuierplekke in sy kindertyd was. Wat hy wel verneem deur die vertellings van sy moeder, so gee die afstandelike John dit in *Boyhood* weer, is dat sy oupa Piet in die jare toe volstruisvere ongelooflik hoë pryse op die Londense mark behaal het en wêreldwyd hoog in aanvraag was, deur twee verekopers oorreed is om sy boerdery van skape na volstruise om te skakel. (Coetzee, 1997: 22) Met die val van die vere as gevolg van 'n oorproduksie en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 was die kopers wat hom tot die omskakeling aangemoedig het, skoonveld en was Piet Wehmeyer en sy seun Roland, wat saam met hom op die plaas was, twee van die vele boere van die Klein Karoo wat bankrot gespeel en hul plaas verloor het.

Ná hulle jare op Oude Wolwekraal het Piet en Louisa op Uniondale gaan woon en later, ná die dood van sy vrou, het Piet hom by een van sy dogters op Stellenbosch gevestig waar hy oorlede is. Volgens J.M. Coetzee, wat die inligting op 'n mededeling van sy moeder baseer,¹⁹ het Louisa lewenslank 'n sterk kulturele afkeer van Afrikaners gehad en haar kinders in Engels grootgemaak, 'n taal wat sy tydens haar kinderjare in die Verenigde State naas die Duits van haar ouers goed leer praat het. Daarom het sy aan haar kinders Engelse name gegee: Roland, Winifred, Ellen, Vera, Norman, Lancelot. Tog moes sy en haar kinders in die oorheersend Afrikaanstalige omgewing van Uniondale ook 'n behoorlike kennis van Afrikaans gehad het. Wat 'n mens egter verbaas, is dat Piet Wehmeyer op Uniondale een van die stigterslede van die Nasionale Party was, waaruit 'n mens aflei dat hy, ten spyte van sy vrou se sterk afkeer, tog heelwat vriende in die Afrikaanse gemeenskap op die dorp moes gehad het. Waarskynlik het die egpaar op die gebied van die politiek verskillende paaie geloop, iets wat nie ongewoon was onder Afrikaners in die eerste helfte van die twintigste eeu nie.

Die Wehmeyer-familie in Suid-Afrika is nie talryk nie, waarskynlik omdat die stamvader Gottlieb net twee kinders, waarvan slegs een 'n seun, gehad het. Gottlieb die tweede (van die derde geslag) was egter die prominentste onder die familie in Suid-Afrika en word vermeld in Dalene Mathee se roman *Fiela se kind* wanneer 'n sensusbeampte opdaag om Fiela en haar gesin se name op te skryf en vas te stel aan

wie die grond behoort waarop sy woon: “Dis my grond. My pa en my oupa het in hulle lewens oor baie jare heen vir die Wehmeyers gewerk. Jy kan maar sê hulle het hulle vir die Wehmeyers doodgewerk. Na die oubaas se afsterwe is hierdie twaalf morg van Oude Wolwekraal op my oorle pa se naam gesit, die erfbrief en alles is by mister Cairncross op die dorp op Uniondale.”²⁰

4.

Deur die huwelik tussen Piet Wehmeyer en Louisa du Biel kry die kinders van Jack Coetzee en sy vrou Vera ’n boeiende voorvader by, maar ook iemand wie se vreemdsoortige optrede ’n mens aan sy geestesgesondheid laat twyfel. Louisa was die dogter van Balcer Dubyl wat later sy naam as Balthazar du Biel geermaniseer het. Du Biel, in 1844 in die dorpie Schwarzwald in die provinsie Posen in Pole gebore en in 1923 op Stellenbosch oorlede, het as jong seun sy vader se beste opgepas en allerlei gesigte en visioene gesien. In een so ’n visioen kry hy die opdrag om die evangelie van Christus aan die heidene te gaan verkondig. Binne die Protestantse vorm van die Christendom was daar in die laaste jare van die agtiende en die negentiende eeu in verskeie Europese lande ’n geestelike herlewing wat tot die oprigting van verskeie sendinggenootskappe gelei het. Dit het voortgevloei uit Philipp Jakob Spener (1635-1705) se piëtistiese beweging wat, as ’n reaksie op die dorre leerstellinge waarin die prediking versand het, ’n oproep was tot ’n bevatlike oordrag van die evangelie, nog verder versterk deur die filantropie en die geloof in die natuurlike goedheid van die mens wat met die verheerliking van die “edele barbaar” na die politieke teoretikus en filosoof Jean-Jacques Rousseau (1712-1778) teruggevoer kon word.

Met die merkwaardige missionêre élan in verskeie Wes-Europese lande is die negentiende eeu die sendingeeu by uitnemendheid, en Du Biel was, ná een van sy gesigte waarin God hom tot die sending roep, vasbeslote om daaraan deel te hê. Onder die Duitse sendinggenootskappe wat Suid-Afrika as arbeidsveld afgebaken het, was daar die Morawiërs, die Berlyners en die Rynse Sendinggenootskap. Du Biel rig hom allereers tot die Berlyners, maar hulle wys sy aansoeke by herhaling af, waarskynlik omdat hulle agtergekom het dat dié jongman met sy veelvuldige visioene ’n rare entjie mens was. Hy oorhandig egter sy dokumente aan die Rynse Sendinggenootskap in Barmen wat hom tot sendeling orden. Teen die einde van 1868 word hy na Suid-Afrika gestuur waar hy in 1870 met Anna Louisa Brecher, die dogter van ’n Morawiese sendeling, in die huwelik tree. Du Biel doen diens as sendeling op Berseba en Keetmanshoop in die destydse Duits-Suidwes-Afrika, maar vertrek dan in 1872 na die Verenigde State van Amerika waar hy as prediker onder Evangeliese Duitsers werk, voortdurend verhuis en onder meer in Bloomington, Illinois woon. In 1881 keer hy terug na Suid-Afrika om op aanbeveling van sy skoonvader, Ferdinand Brecher, as assistent vir ’n bejaarde sendeling van die Rynse Sendinggenootskap in Namakwaland uit te help. Hy bly egter slegs nege maande in dié betrekking aan en wend hom dan tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk waar hy op Uniondale as elementêre onderwyser

en hulpprediker diens doen. Agt maande later verbreek hy alle kerklike verbintenisse om hom in die sakewêreld te begewe en as smous in die omgewing van Mosselbaai rond te gaan.

Du Biel en Anna Louisa het ses kinders gehad. Onder hulle is Anna Maria wat in 1871 in Steinkopf gebore is, haar lewe lank in die onderwys staan en in 1958 ongetroud in Rosebank, Kaapstad sterf; Louisa Amalia, gebore in Petersburg in die distrik Menard, Illinois in 1873 en in 1928 in Uniondale oorlede, wat deur haar huwelik met Piet Wehmeyer die grootmoeder van J.M. Coetzee sou word; en Johann Albert Ernst, wat in 1874 op Geelhoutboom in die distrik Mosselbaai gebore is en in 1963 in Pinelands, Kaapstad sterf.

Balthazar du Biel was die eerste bekende skrywervoorsaak van John Coetzee. Wanneer die niggie Margot aan die voornemende biograaf in Coetzee se *Summertime* (2009) sê dat die skrywer se “oddness”, bedoelende sy talent, nie van die Coetzees kom nie, maar van sy moeder se kant, “from the Meyers or whatever the name was, the Meyers from the Eastern Cape. Meyer or Meier or Meiring” (Coetzee, 2009: 99), is dit ná aan die waarheid. Jacobus Coetzee se “Relaas” was die produk van ’n verbeeldinglose optekenaar in die Kasteel aan die Kaap en die familie Coetzee in Suid-Afrika staan, enkele belangrike uitsonderings soos Ampie en Christoffel Coetzee daar gelate,²¹ nie bekend vir hul skryftalent nie. Balthazar du Biel, daarenteen, was die skrywer van twee “geestelike” boeke. Ná sy dood het sy dogter Anna, of Annie soos sy bekend was, dié twee boeke uit Duits in Afrikaans vertaal, terwyl haar broer Albert dit verwerk en verkort het: *Deur ’n gevaarlike krankheid tot ewige genesing* (1934) en *’n Ewebeeld en stroom musiek* (1941). Die boeke is gebaseer op Du Biel se dagboek.²² Uit die gepubliseerde werk spreek ’n troebel gees wie se veelvuldige, lewenslange visioene sy weg deur die wêreld bemoeilik en versperrings vir hom op sy pad gelê het. Wanneer groot tante Annie, wat ook die jeugdige John se peetmoeder is, in haar woonstel in Rosebank val en haar heup breek, besoek John, sy moeder en sy broer haar in die hospitaal. In die stoorkamer van haar woonstel, so skryf Coetzee in *Boyhood*, vind hulle stapels ou koerante, kartonne, papier wat vir die verpakking van boeke bedoel is en honderde kopieë van *Deur ’n gevaarlike krankheid tot ewige genesing* wat met die jare onverkoop bly lê het. John het die boek probeer lees, maar dit te vervelend gevind. “No sooner has Balthazar du Biel got under way with the story of his boyhood in Germany”, so gee hy dit in *Boyhood* weer, “than he interrupts it with long reports of lights in the sky and voices speaking to him out of the heavens.” Op die foto in tante Annie se slaapkamer kyk Balthazar du Biel met nors, starende oë en ’n ferm, fel mond, terwyl sy vrou langs hom ’n uitgeputte indruk maak. (Coetzee, 1997: 120) “Was Aunt Annie’s father mad?”, vra John aan sy moeder. “Yes, I suppose he was mad”, antwoord sy. Waarskynlik, gaan die moeder voort, het tante Annie uit vrees vir hom tot die vertaling ingestem toe hy nog in die lewe was. “He was a terrible old German, terribly cruel and autocratic. All his children were afraid of him.” (Coetzee, 1997: 118) Dit is bekend dat daar dikwels ’n noue verwantskap tussen ’n bipolêre stoornis en waansin aan die een kant en die

kunssin aan die ander kant in families voorkom en dat die waansin en psigologiese afwykings oorneem en tot 'n onstabieleit lei wanneer die artistieke aanleg nie in goeie bane gekanaliseer word nie. (Jamison, 1993) In die geval van Balthazar du Biel het dit gelei tot 'n ongesonde godsdienismanie en die skryf van onleesbare boeke, terwyl van sy nasate in rebellie daarteen areligieus geraak het. In die geval van John Coetzee het die artistieke aanleg in die hoogste moontlike mate in vervulling gegaan. Dit kom dikwels voor dat 'n uitsonderlike aanleg op die gebied van die kunste in families deur power eksponente op dieselfde gebied voorafgegaan word.

Dit geld ook vir een van Balthazar se kinders. Sy seun Johann Albert Ernst het onder die naam Albert du Biel in die jare twintig van die twintigste eeu 'n beskeie plek as skrywer van Afrikaanse romans verwerf, 'n verdere aanduiding dat die skryftalent van J.M. Coetzee van sy moeder se kant af kom. Albert du Biel is deur sy ouers geleer om te lees en skryf en het nie veel formele skoolonderrig ontvang nie. Later was hy verbonde aan Sanlam, maar in 1928 bring hy saam met 'n paar vennote 'n klein uitgewerytjie in die Paarl tot stand wat die tydskrif *Die Boereblad* met artikels in Afrikaans en Engels en enkele van Du Biel se boeke publiseer. Tydens die depressie van die jare dertig speel die blad egter bankrot.

Du Biel maak eers op vyftienjarige leeftyd kennis met geskrewe Afrikaans as hy van die verhale en gedigte in S.J. du Toit se tydskrif *Ons Klyntji* lees. Hoewel van sy eerste geskrifte in Engels was, skryf hy sy romans en verhale in Afrikaans. Hulle is: *Getrou*, in 1914 geskryf, as vervolverhaal in *Die Huisgenoot* en in 1921 in boekvorm gepubliseer; *Die misdade van die vaders* (1919); *Kain* (1922); die reeks verhale en sketse *Oor berg en vlakte* (1922-1925); *Die verraaiers* (1931); *Die eenoog-verkenner* (1932); en *Bloudoorns* (1944).

Met sy boeke wou Du Biel geskikte leesstof in Afrikaans vir die jeug verskaf. Daarom wou hy, soos die reeks *Oor berg en vlakte* geadverteer word, hê dat die hoofkarakters in sy werk deur 'n "skoon en sterk" lewe as voorbeelde vir jongmense moes dien en dat sy verhale sowel aangename leesstof moes wees as "leersaam en veredelend" op die lesers inwerk.²³ Sy romans word dan ook voortdurend onderbreek deur 'n didaktiese verteller wat allerlei sedelessies oordra en deur sy ingryping die vloei van die verhaal tot stilstand rem, óók wanneer hy die nodige historiese raamwerk vir die leser moet agterhaal. Om sy verhale onderhoudend te hou vir 'n publiek vir wie lees in hul eie taal nog 'n nuwigheid was, maak hy byvoorbeeld in *Die misdade van die vaders* gebruik van die tipiese resep van 'n romantiese intrige en 'n beproefde liefde met 'n gelukkige einde wat verweef word met die negentiende-eeuse geskiedenis van die Boere aan die oosgrens op die vooraand van die Groot Trek. Bydraend tot die romantiek is die sporadiese verskyning van 'n geheimsinnige nagtelike ruiter wat hulle teen die aanvalle van die swartes verdedig – 'n "knap verafrikaansing", soos P.C. Schoonees (1939: 131) dit stel, "van die dolende Middeleeuse ridder" wat meermale in die Afrikaanse verhaalkuns van dié jare optree. Ook met die gebruik van die patriarg en grondbesitter wat huisvesting aan 'n aantal bywoners op sy plaas bied, sluit Du Biel se romans aan

by 'n tipiese patroon in die vroeë Afrikaanse romankuns. Die verhale wat hy in *Die verraaiers* bundel, speel af teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog, maar word veral geplaas in die omgewing van Oudtshoorn uit die tyd van die Kaapse rebellie en die verraaiers van die “Boeresak”. Daarnaas handel van die verhale oor kêrels en die nooit by wie hulle kom opsit en lewens wat verydel word deur kortsigtige ouers wat hul dogter liever aan 'n veel ouer maar ryker man wil afsmeer as om haar toe te laat om met die liefde van haar lewe in die huwelik te tree. As 'n mens vandag lees hoe 'n moeder haar dogter verwyt wanneer sy 'n ryk vryer verwerp, kom 'n mens iets agter van wat die ekonomiese realiteite van die tyd was wat by sulke besluite in oorweging gebring is, selfs al vind die hedendaagse leser so 'n verwyt 'n bietjie naïef: “As jy met Klaas trou, kan jy jou hele lewe lank witbrood eet, en kan jy uit jou eie kraal slag.” (Du Biel, 1931: 72)

Albert du Biel is vandag, behalwe vir spesialiste wat om historiese redes van sy werk kennis neem, 'n ongelese skrywer. As 'n mens die getuienis in *Boyhood* moet aanvaar, het die jeugdige John Coetzee *Die misdade van die vaders* en *Kain* tydens hulle besoek aan tant Annie se woonstel in Rosebank met die toestemming van sy moeder met hom saamgeneem. *Die misdade van die vaders* het hy probeer lees, maar dit só vervelend gevind dat hy nie verder as bladsy tien kon kom nie. Sy moeder, so deel sy hom mee, het lank gelede een van haar oom se boeke gelees, maar sy kon niks meer daarvan onthou nie. Die romans, sê sy, “are very old-fashioned. People don't read books like that any more.” (Coetzee, 1997: 120)²⁴

En tog is die werk van Du Biel in 'n belangrike opsig van belang vir Coetzee se latere ontwikkeling. In *Die misdade van die vaders* word, hoe potsierlik die skuld van die voorgeslagte ook al uitgewerk word, 'n tema aangespreek wat in die oeuvre van Coetzee sentraal sou staan: die wandade en vergrype van 'n enkele mens wat op sy kinders afkom en 'n nageslag wat 'n hele lewe lank met daardie skande moet saamleef. In die werk van Sara Gertrude Millin, vir wie Coetzee in sy *White writing* die belangrikste Engelse Suid-Afrikaanse romanskrywer tussen Olive Schreiner en Nadine Gordimer noem maar wat deesdae as gevolg van haar moreel aanstootlike hantering van ras verwaarloos word, is die dominante tema die misdade van die vaders as gevolg van 'n biologiese degenerasie, waardeur opeenvolgende geslagte met 'n “legacy of evil” besmet word. (Coetzee, 1988: 143) “Blood, Taint, Flaw, Degeneration” noem Coetzee dit in sy opstel oor dié skrywer. (Coetzee, 1988: 136)

By Coetzee word die motief van die kontinuïteit van die geslagte heeltemal anders uitgewerk as by Millin of by Albert du Biel. Hoewel Du Biel ook geboei word deur die motiewe van verval en erfskuld, bly dit by hom, soos ook by ander skrywers met hul verhale oor familie-dinastieë op die groot plase, wat deur allerlei rampe of degenerasie tot 'n val kom, gesien as straf en vermaning vanuit 'n Christelik-Judaïese perspektief. Tog kan 'n mens vra of Du Biel in al sy onbeholpenheid nie dalk vir Coetzee onbewustelik 'n tema verskaf het wat hy op verskillende vlakke en in verskillende fasette, sowel op persoonlike as op nasionale vlak, sou uitwerk, totdat dit in sy groot roman *Disgrace*

(1999) sou kulmineer nie. Reeds in sy eerste boek, *Dusklands*, wil die karakter Eugene Dawn saam met die dokters wat hom behandel, waad deur die “labyrinth of my history” (Coetzee, 1974: 51), die talle generasies wat hom voorafgegaan het, sodat hy uiteindelik kan weet aan watter misdade van die vaders hy skuldig is. Daarom het hy aan die slot van “The Vietnam project”, die eerste deel van *Dusklands*, goeie hoop “of finding whose fault I am.”

Universiteit van Stellenbosch

Bronnelys

- Aucamp, Hennie** 1996 *Van hoogmoed tot traagheid*, Kaapstad: Human & Rousseau.
- Beyers, C.J. en Basson, J.L. (red.)** 1987 *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek deel V*, Pretoria: RGN.
- Coetzee, Hannes** 2005 *Die onbekende toekoms: Coetzee's in Suid-Afrika en Namibië*, Boordfontein privaat uitgegee deur die skrywer.
- Coetzee, J.M.** 1974 *Dusklands*, Johannesburg: Ravan Press.
- Coetzee, J.M.** 1988 *White writing: On the culture of letters in South Africa*, New Haven/ Londen: Yale University Press.
- Coetzee, J.M.** 1992 *Doubling the point: Essays and interviews*, geredigeer deur David Attwell, Cambridge, Massachusetts/ Londen: Harvard University Press.
- Coetzee, J.M.** 1997 *Boyhood*, Londen: Secker & Warburg.
- Coetzee, J.M.** 2009 *Summertime*, Londen: Harvill Secker.
- Coetzee, N.A.** 1979 *Die stamouers Coetzee en nageslagte*, Pretoria: Perskor.
- De Kock, W.J. en Krüger, D.W. (red.)** 1972 *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel II*, Kaapstad: Tafelberg.
- Du Biel, Albert** 1922 *Kain* Stellenbosch/Kaapstad: Du Biel's Uitgewers Maatskappy.
- Du Biel, Albert** 1931 *Die verraaiers*, Paarl: Die Specialiteite-Maatskappy.
- Erasmus, M.F.** 1954 *Halfeeufoes-gedenkboek Ned. Geref. Gemeente Merweville, K.P.1904-1954*, Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery.
- Green, Lawrence** 1975 (herdruk) *Karoo*, Kaapstad: Howard Timmins.
- Groesbeek, I., Veltkamp-Visser, S. en Zöllner, S** 1991: *Coetzee-familie in Suid-Afrika*, Pretoria: RGN.
- Heese, J.A. en Lombard, R.T.J. (red.)** 1986 *Suid-Afrikaanse geslagsregisters/ South African genealogies, deel I*, Pretoria: RGN.
- Hill, Laban Carrick Hill** 2001 J.M. Coetzee, In: Parini, J. (red.) *British Writers, supplement VI*, New York: Charles Scribner's Sons.
- Jamison, Kay Redford** 1993 *Touched with fire: Manic-depressive illness and the artistic temperament*, New York: Simon and Schuster.
- Janes, R.** 1997 “Writing without authority”: J.M. Coetzee and his fictions, *Salmagundi*, 114, 115, Lente/ Somer.

- Kritzinger, M.O.** 1957 *Driekwarteefeuses-gedenkboek van die Ned. Geref. Kerk, Laingsburg 1882-1957*, Kaapstad (Elsiesrivier): Nasionale Handelsdrukkery.
- Lichtenstein, Hinrich** 1815 *Travels in Southern Africa II*, vertaal uit Duits deur Anne Plumptre, Londen: B. Clarke.
- Matthee, Dalene** 1985 *Fiela se kind*, Kaapstad: Tafelberg.
- Pama, C.** 1983 *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schoonees, P.C.** 1939 *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*, derde bygewerkte uitgawe, Pretoria: J.H. du Bussy/ Kaapstad: HAUM.
- Smith, M.H.D.** 1985 *Boerepioniers van die Sandveld*, geredigeer en bygewerk deur R.T.J. Lombard, Pretoria: RGN.
- Storrar, Patricia** 1984 *A colossus of roads*, Kaapstad: Murray & Roberts/ Concor.
- Van Heerden, Etienne** 1993 *Die stoetmeester*, Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, Etienne** 2009 *Dertig nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.
- VanZanten Gallagher, S.** 2004 *Cyclopedia of World Authors*, vierde hersiene uitgawe, Londen: Harper & Brothers.
- Visagie, Jan** 2000 Historiese Coetzenburg plaas van bekende baanbrekers, *Die Burger*, 12.8.
- Vullings, Jeroen** 2005 J.M. Coetzee laat zich niet kennen, *Vrij Nederland*, 30.7.
- Wehmeyer, Stefan** 2007 Terug: 'n Reis na Quackenbrück, Niedersächse, Duitsland, *Kaapse Bibliotekaris*, Julie – Augustus.

Note

1. *The New York Times*, 3.10.2003.
2. Genealogiese besonderhede oor die stamouers, en die verdere geslagte Coetzees aan die Kaap, word verstrek in N.A. Coetzee se *Die stamouers Coetzee en nageslagte* (1979) en *Die onbekende toekoms: Coetzees in Suid-Afrika en Namibië* (2005). Hannes Coetzee verskaf egter in sy boek ná die derde geslag geen besonderhede oor die J.M. Coetzee-lyn van die familie nie. Vir verdere besonderhede is die belangstellende aangewys op *Suid-Afrikaanse geslagsregisters/ South African genealogies*, deel I, saamgestel deur J.A. Heese en R.T.J. Lombard. Beknopte inligting oor die stamouers word verstrek deur C. Pama (1983: 81). 'n Belangrike ongepubliseerde bron, wat beskikbaar is by GISA, is die driedelige *Coetzee-familie in Suid-Afrika* deur I. Groesbeek, S. Veltkamp-Visser en L. Zöllner (1991).
3. Inligting uit 'n e-pos van prof. Gerhard Geldenhuys, gedateer 19.5.2010. Gerrit Frederik Coetzee was later werksaam as kleinhandelaar in Peperstraat, Kaapstad.
4. Hierdie inligting kom uit dokument MOIB 2/1678: 94 in die Kaapse Argiefbewaarpark, die enigste wat op F.L.J. Coetzee betrekking het. Inligting uit die reeds genoemde e-pos van prof. Geldenhuys.
5. Sommige bronne, soos De Kock en Krüger (1972: 136) gee haar familienaam aan as Paling.
6. In die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* verskyn daar per abuis twee lemmas oor Jacobus Coetsé: in deel II deur N.A. Coetzee onder redaksie van W.J. de Kock en D.W. Krüger (1972: 136-137); en in deel V deur E.J. Prins onder redaksie van C.J. Beyers en J.L. Basson (1987: 146-147). Naas die

- reeds genoemde boeke van N.A. Coetzee en Hannes Coetzee word 'n hoofstuk in M.H.D. Smith se *Boerepioniers van die Sandveld*, geredigeer en bygewerk deur R.T.J. Lombard (1985: 29-38) aan Jacobus Coetsé gewy.
7. Oor Lichtenstein se besoek skryf ook Lawrence Green, *Karoo*, Kaapstad, Howard Timmins, herduk van 1975, pp. 110-111. Dit is opvallend dat Lichtenstein juis, met Samuel de Beer as segsman, op die luiheid van die inwoners wys, 'n motief wat J.M. Coetzee in sy opstel "Idleness in South Africa" (1988:12-35) sal ondersoek.
 8. Inligting in 'n e-pos van Paul Kloppers, 'n neef van J.M. Coetzee, 1.6.2009.
 9. Hierdie fragment is op 1.6.2009 aan my verskaf deur Paul Kloppers.
 10. Hierdie inligting is aan my verskaf deur prof. Gerhard Geldenhuys van Stellenbosch wat die manuskrip van 'n ongepubliseerde artikel ("Vermoedens oor die voornama van die skrywer J.M. Coetzee") en 'n kwartierstaat van die outeur tot my beskikking gestel het.
 11. Van die gegewens oor Gerrit Maxwell Coetzee en sy familie, wat hier verwerk word, is op 26.2.2009 deur Pieter Hugo opgestel en deur Stefan Wehmeyer, kleinneef van J.M. Coetzee, aan my verskaf.
 12. Inligting uit die reeds vermelde artikel van prof. Gerhard Geldenhuys.
 13. Die besonderhede oor hierdie wedstryd is aan my verskaf deur Paul Kloppers in 'n e-pos van 1.6.2009, met 'n aanhegting van die beëdigde verklaring.
 14. Inligting per brief van mev. Sylvia Coetzee, 20.11.2008.
 15. Inligting ontvang van Lydia Barrella van die Fransie Pienaar-Museum op Prins Albert in 'n brief van 4.3.2009. Sy vrou Lenie was voorsitter van die Vroue-Landbouvereniging op Prins Albert. Gert is in 1945 oorlede, maar sy vrou het hom jare oorleef en het onder die kleinkinders as "Mum" Coetzee bekend gestaan. Daar hang 'n foto van haar in die Fransie Pienaar-Museum op Prins Albert.
 16. Mededeling van mev. Sylvia Coetzee in 'n brief van Junie 2010.
 17. Dié voorstelling word in *Summertime* deur die karakter Margot in haar onderhoud met die fiktiewe biograaf oorgedra. In die werklike lewe was Gert Coetzee egter, volgens mev. Sylvia Coetzee in haar brief van Junie 2010 aan my, nie so 'n bullebak as wat die roman dit wil hê nie. Drie van sy seuns het in die Koup en die Noord-Kaap geboer. Volgens mev. Sylvia Coetzee kan boere wat daar kan moed hou en 'n sukses van hul boerdery kan maak, nie slagatte wees nie. Ook die jongste seun en die dogters was goeie burgers van die samelewing.
 18. Inligting van Gerald Coetzee, eienaar van Voëlfontein en neef van J.M. Coetzee in 'n persoonlike onderhoud, 23.5.2009.
 19. E-pos aan my, 27.10.2008.
 20. Dalene Matthee, *Fiela se kind* (1985:15). Die verteller in Etienne van Heerden se roman *Die stoetmeester* (1993) is die regsgeleerde Max (Siener) Wehmeyer. Ook in sy *Dertig nagte in Amsterdam* (2009) figureer 'n karakter met die naam Wehmeyer. In Hennie Aucamp se kabarettteks "Tafelgebed", wat onder die afdeling "Die derde sonde: Wellus" verskyn (Aucamp 1996: 33-35), kom die karakter "Doorsie du Biel" voor vir wie "Teiresia Tert van Nietvoorby" laat kom om haar "weens die Kersfeesdruk" met haar koekbakkerij te help en geboei raak deur sy "crotch" waaragter sy "meer as 'n beuring in sy denim gewaar". Hieruit word dit duidelik waarom Aucamp op die seldsame familienaam Du Biel vir sy teks besluit het!
 21. Die taalkundige Abel Coetzee (1906-1975) lewer enkele bydraes op die gebied van die volkskunde,

maar as letterkundige was sy oordele bedenklik en was hy met sy aggressiewe voortvarendheid in diskrediet by die belangrikste skrywers van sy tyd. Met die verstrengeling van pseudo-dokumentasie en outentieke bronne toon die roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) deur Christoffel Coetzee (1945-1999) in 'n mate 'n ooreenkoms met *Dusklands* (1974), J.M. Coetzee se eerste roman. Die letterkundige Ampie Coetzee (1939-) is sedert die jare sestig prominent vir sy artikels en resensies oor die skrywers van Sestig en vir sy studies oor die digter Breyten Breytenbach.

22. Die oorspronklike Duitse manuskrip van die dagboek word bewaar in die C.S. van Wijk-versameling, Dokumentesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch. Die Afrikaanse teks van *'n Ewebeeld en stroom musiek* vorm ook deel van dieselfde versameling.
23. Advertensie van dié reeks agterin die eerste uitgawe van *Kain* (1922).
24. Coetzee gee die titel van Du Biel se roman verkeerdelik as *Die sondes van die vaders* aan.